Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 13, Nr 4, 1983. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE KAPELAAN: IN DIENS MET DIE SWAARD VAN DIE HEILIGE GEES

**Afdeling Godsdienstige Publikasies***
**Kapelaan-generaal**

**The short article below deals with the role of the Chaplain throughout the history of South Africa and with the South African Chaplain Services in particular.**

Die Gees van God roep mense om sy swaard te hanteer. Die liggaam van Christus word opgebou deur hulle wat hierdie roepstem gehoorsaam.

Deur die eeue en tot vandag is die geklank van God se Woord duidelik gehoor, want God hou self sy Woord in stand. Daar was nog altyd gelowiges wat geantwoord het op die besondere roeping van die Heilige Gees om sy swaard, dit is die Woord van God (Efesiërs 6:17), in alle omstandighede te dra. Selfs in situasies wat in teenstelling met die evangelie van vrede staan, stuur die Here sy diensknegte om sy Wil aan te kondig. Te midde van die spanning tussen die stryd van oorlog en die eise van God klink die evangelieboodskap uit die mond van kapelane.

Ook in die Suid-Afrikaanse oorlogsgeskiedenis wys die Here sy genadige bemoeienis met die mens deur manne te roep wat Hom bekendmaak. Afgesonder vir die besondere amp van VDM (Bedienaar van die Woord van God), word hulle daargestel om hulle taak in 'n oorlogsituasie uit te voer.

## DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG (1899–1902)

Anders as vandag, het die inisiatief om die vegtende burgers met die Woord te bedien, slegs vanuit die Kerk gekom. Daar was geen administrasie, besoldiging en inspraak van die staat se kant om 'kapelane' aan te stel nie. Die kerke het bloot gereageer op die roepstem van God wat deur die noodtoestande na hulle gekom het. Die geestelike toestand en vatbaarheid vir die inhoud van die evangelie in hierdie tyd, het aan die Kerk die geleentheid gegee om haar taak met vrug na te kom.

Die stem van die Woord kan in die werk van sekere predikante gesien word:

### *Ds E.C. Anderson: Vryheid*[1]

Hy het die hele oorlog saam met die burgers in die veld deurgemaak. Aangaande die godsdienstige arbeid deel hy self mee: 'Môre- en aandgodsdiens, behalwe Sondagdienste, is gereeld waargeneem. Vir persoonlike geestelike gesprekke was daar oorvloedige geleentheid. Dikwels moes plegtige begrafnisse waargeneem word.'

### *Ds. J.D. Kestell: Harrismith*[2]

Die grootste gedeelte van die oorlog is hy saam met genl C.R. de Wet in die Vrystaat. Dikwels hou hy, genl De Wet en president M.T. Steyn huisgodsdiens by kerslig in 'n tentjie. Dit is ds Kestell wat die 'godsdiensoefening' met die vredesonderhandelinge te Vereeniging waargeneem het.

### *Ds. J.M. Louw: Boksburg*[3]

'Te velde' hou ds Louw godsdiensoefeninge vir die generale staf, vir klein groepies burgers, vir lywige kommando's, 'n aanddiens in 'n sloot (Kersfees 1899) en ''n dienst bij kanon'. Een bepaalde diens word ontwrig deur die bevel 'opsaal' om te gaan veg.

### *Ds A.P. Burger: Middelburg, Tvl*[4]

Sy eerste 'vuurdoop' as veldprediker op die slagveld vind in Natal plaas. Hier moet hy sy deel doen in die versorging van 95 gewondes na die slag by Dundee. So verrig hy barmhartigheidsdiens waartoe die Kerk geroep is.

### *Ds H.J. Neethling: Lydenburg*[5]

Behalwe sy arbeid by die kommando's doen hy ook sendingwerk. Hy bring die evangelie van verlossing aan die 'nog buitegeblewe mense'.

## Slotsom

Gedurende hierdie tydperk was baie manne gehoorsaam aan God se roeping om die Kerk in stand te hou en dit op te bou. Alhoewel hulle in buitengewone omstandighede gewerk het, het hulle in nederigheid slegs die Woord van God

gebring. Hulle geloof dat alles in God se hande is, kan gesien word in die werk wat hulle gedoen het: eredienste, bidure, Bybelstudie, begrafnisse, barmhartigheidsdiens en selfs sendingwerk.

Dit was slegs 'n verlengstuk van hulle gemeentewerk. Hulle het geloof gehad in die krag van die Woord self en nie die omstandighede met menslike aktiwiteit en idees probeer verander nie. Die ywer om die Woord in al sy gedaantes te bedien, was hulle enigste wens. Hulle was niks minder of meer as predikante nie. Dit was hulle roeping en taak om met die swaard van die Gees te veg. Selfs in die hitte van die stryd het hulle hieraan getrou gebly.

## DIE EERSTE EN TWEEDE WÊRELDOORLOG (1914–1918, 1939–1945)

Inligting oor kapelaanswerk gedurende die Eerste Wêreldoorlog is baie skraal. Nietemin is dit duidelik dat die Kerk herders afgesonder het om die heilbrengende en vertroostende Evangelie aan soldate te bring.[6]

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is geestelike werk op 'n georganiseerde basis en vanuit 'n staande organisasie gedoen. Kapelane was te alle tye, op alle plekke en vir almal beskikbaar. Hulle was daar om 'troepe geestelik te versterk, by te staan, te bemoedig en te vertroos'. Die naam van ds M.C. Cloete word tot vandag nog onthou. 'Die bystand wat hy aan die troepe gegee het, die manmoedigheid wat hy in die voorste linies geopenbaar het, terwyl hy onder grofgeskut regop en sonder vrees van man tot man gestap het, gewondes verpleeg, gehelp en bemoedig het, het 'n legende geword.'[7]

Die voorbeeld van ds Cloete is 'n bewys van die roepingsbewustheid van 'n gestuurde van God. Saam met hom het nog 516 blanke en 38 nieblanke kapelane onder 350 639 troepe gedurende die Tweede Wêreldoorlog gearbei.[8] Hulle het bewys dat die Woord van die Lewe nie in 'n oorlog wat doodmaak, stilgemaak kan word nie. God sonder mense af om soldate wat met gewere veg, deur die swaard van die Gees te vertroos, te bemoedig en te laat lewe (al het hulle ook gesterwe).

## DIE SUID-AFRIKAANSE KAPELAANSDIENS

Soos deur die geskiedenis roep God ook vandag nog gelowiges om die Woord aan soldate te bring. In die gees van diensbaarheid van manne soos di Anderson, Kestell, Louw, Burger, Neethling en Cloete moet vandag se kapelaan ook getrou bly aan die roeping van God: Bedienaar van die Woord van God, vegter met die Gees se swaard.

### *Amp, taak en doel*

Die amp van die kapelaan verskil in geen opsig van die predikant in 'n burgerlike gemeente nie.[9] Dit is nie 'n andersoortige amp nie. Hy bly Verbi Divini Minister – Bedienaar van die Goddelike Woord. Hiertoe is hy geroep en hy mag niks minder of meer doen as om die Skrif aan die lede van SAW te bring nie. Die beleidsdirektief van die SAKD (Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens) verplig hom daartoe. 'Die doel van die SAKD is die effektiewe verkondiging van die Woord van God aan alle lede van die SAW en hulle afhanklikes.'[10]

Enigeen wat met ander bedoelings sy taak bedryf, is nie alleen vreemd aan die gees van die SAKD direktief nie, maar is ook ontrou aan die roeping waartoe God hom getaak het. 'Die SAKD het as taak die godsdienstige versorging van die lede van die SAW en hulle afhanklikes binne hulle eie geloofsverband en ooreenkomstig die leerstelling, ordes en gebruike van hulle onderskeie kerke.'[11]

### *Opleiding van kapelane*

Die SAW kan nie kapelane oplei om hulle werk te doen nie. Daardie opleiding het hulle reeds by hulle teologiese fakulteite ontvang, nl om die Woord effektief te verkondig. Die Weermag kan slegs reeds opgeleide predikante help om hulle werk beter te doen deur hulle die omstandighede te leer.

Kpln (ds) Munnik, SSO Personeelopleiding van die SAKD sê dat kapelane se opleiding behoeftegerig is. Dit is daarop gerig om die Woord van God effektief in die SAW te verkondig.[12] Die kapelaan se taak is dus Woordbediening en nie soseer oorlogmaak nie, sê kapt (SAV) M.M. Pretorius, Direkteur Kapelaansdiens van die Vloot. Hulle deurloop egter dieselfde offisierskursus as enige ander offisier. 'Hulle is nie soseer offisier nie, maar in die laaste instansie gesante van God wat die Woord profeties soos 'n tweesnydende swaard hanteer.'[13]

### *Die militêre kapelaan vasgevang in 'n teenstrydigheid*

Oorlog is sinoniem met haat, stryd en geweld.[14] Die gees van die Evangelie is liefde, vrede en sagmoedigheid. Tussen hierdie twee kante staan die kapelaan; die werklikheid van oorlog en die dringende verkondiging van die evangelie van vrede.[15]

'n Kapelaan wat nie vasgevang is in hierdie spanning nie, mis iets van sy amp en taak. 'Die Christen kan alleen aan oorlog deelneem mits hy dit terselfdertyd 'beveg'. Om eerbied vir die lewe te hê (sesde gebod) beteken dat ek enersyds die lewe moet beskerm (fisiese verdediging), maar terselfdertyd dat ek ook die lewe moet bevorder.'[16] Hierdie boodskap is die inhoud van die kapelaan se bediening.

Hierdie teenstrydigheid van sy situasie mag die kapelaan nie in sy bediening blokkeer nie. Die uitvlug is nie 'n vereensydiging nie. Hy mag hom aan die een kant nie so vereenselwig met die oorlogsituasie dat hy die Woord as 'n platform vir moraalbou en sanksionering van oorlog gebruik nie. Aan die ander kant mag hy ook nie die feit van stryd en oorlog in sy aanbieding van die Woord negeer nie. In sy binneste behoort 'n stryd te woed wat hy moet oordra: Jy mag alleen met smart en skuldvergiffenis doodmaak om die lewe te beskerm. Hierdie spanning moet in die lig van God se Woord belig en verduidelik word – so word die teenstrydigheid van oorlog en evangelie nie 'n struikelblok nie, maar 'n wegspringplek vir God se Woord en 'n verlange na die vrede in die lewe hierna.

## SLOTOPMERKINGS

Die kapelaan is afgesonder om God se Woord aan mense in 'n militêre stryd te bring. Deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis het hierdie roeping in die werk van kapelane (of veldpredikers) na vore gekom. Hulle het in diens van die Woord gestaan. Geen gesag buiten die Skrif is gehoorsaam nie – selfs in die stryd waar die koeëls geklap en die skrapnel gevlieg het.

Van die kapelaan in die hede word ook nét Woordbediening verwag. Sy taak is om alles in die lig van die Skrifte te ondersoek. Hy is dus nie 'n meester in die gevegskuns of propagandabeginsels nie. Hy is die nederige draer van die swaard van die Gees, dit is die Woord van God. Hy moet dit met oortuiging bring en die werking daarvan aan die Naprediker oorlaat.

Baie kapelane het heengegaan om deur ander opgevolg te word. Soos die kapelaan van die verlede getuig het, so moet ook die kapelaan van die hede getuig:

> 'My amp as draer van die Woord aan vegsman, lugman, man aan boord, beteken dat die Swaard van die Gees – die Woord van God – my bron sal wees!'

* Hierdie artikel sal in 1984 opgevolg word met 'n verdere, meer omvattende artikel oor die rol van die kapelaan.

**Voetnotas**

1. Lourens, J.H., *Die geestelike bearbeiding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te velde, in krygsgevangenekampe en konsentrasiekampe,* p 33.
2. *Ibid,* p 34.
3. *Ibid,* p 37.
4. *Ibid,* p 41.
5. *Ibid,* p 39.
6. Potgieter, J.F., *Die militêre kapelaan,* p 209.
7. *Ibid,* p 222.
8. *Ibid,* p 223.
9. *Ibid,* p 356.
10. *Omvattende beleidsdirektief: SAKD.*
11. *Ibid.*
12. *Paratus,* Mei 1983, p 22.
13. *Ibid,* p 23.
14. Thielicke, Helmut, *Theological Ethics,* volume 2, p 421.
15. Wilkinson, Alan, 'The paradox of the military chaplain', *Theology* (1981), p 251.
16. *In hierdie teken,* 'n Huldigingsbundel aangebied aan genl-maj (ds) J.A. van Zyl, p 23.
17. Potgieter, J.F., *op cit,* p 381.